GROEPBESPREKING

- Wat beteken dit prakties vir jou om op ‘n gewone dag in jou lewe te kies om deur die Gees van God gelei te word en nie op jou eie vermoëns staat te maak nie.

- Deel ‘n situasie of geleentheid met die res van die groep, waar die vyand met ‘n leuen na jou gekom het. Waarom sou jy sê moet mens jou elke dag – of daar moeilikheid is of nie – jou met die waarheid omgord?

- Lees Galasiërs 4:7 en Johannes 8:35 in verskillende vertaligs en memoriseer die skrifgedeeltes in jou gunsteling vertaling.

PERSOONLIKE TOEPASSING

Waar in jou lewe is jy besig om jou eie planne te maak en nie staat te maak op die Gees van God vir wysheid, slim planne of voorsiening nie? Bring dit voor God en vra Hom om jou met Sy Gees te lei.

GEBED

Bid saam as ‘n groep en vra God om elkeen deur Sy Gees te lei en om elkeen daarop attent te maak as hy/sy in sy/haar eie vermoë en krag optree.

WEEK 7

KONNEKSIE

Kan jy onthou van ‘n keer waar jy met vuur gespeel het? Of kan jy onthou van ‘n keer wat jy of gehoor het van of self betrokke was in ‘n brand? Hoe is die vuur geblus?

WOORD

Welkom by week sewe van die reeks *Slaaf of Seun*.

Jeremia 3:19
Ek het gesê: Hoe graag wil Ek jou ‘n seun van My maak en aan jou ‘n lieflike land gee, ‘n besitting liefliker as enigiets wat enige nasie het. Ek het gesê: Noem my ‘Vader’ en moet nooit weer van My af wegdraai nie.

God se plan vir ons is nie om te sukkel nie maar om in ‘n lieflike land te woon en besittings liefliker as enigiets wat enige nasie het te besit.

Moeilikheid kom egter soms heel ongevraagd na ons kant toe. Somtyds kom dit ook sommer in groepe – die geyser bars een oggend en of dit nie genoeg is nie, staan die motor sonder brandstof, die baba se laaste doek is gedurende die nag gebruik en dit alles terwyl ‘n langverwagte tjek nie wil deurkom nie. Mens praat dan nog nie van die land se omstandighede of ‘n stygende brandstofprys nie.

Volgens die engelse woordeboek verduidelik die woord ‘moeilikheid’ as volg: *to agitate; stir up; to afflict with pain or discomfort; to cause emotional strain or anxiety to; worry or distress; to inconvenience; bother.*

God het ons Sy vermoë gegee om moeilikheid teen te staan en in ons geloof te bly volhard te midde daarvan. Jakobus sê immers in hoofstuk 1 dat ons baie bly moet wees wanneer allerlei beproewings oor ons pad kom omdat dit ons instaat stel om te volhard as ons geloof so 'n toets deurstaan het.

God gee ons Sy goddelike vermoë om moeilikheid teen te staan wanneer ons Sy Gees toelaat om ons te lei. Dit is tog immers 'n karaktereienskap van 'n ware seun van God.

Romeine 8:14
Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders (seuns)van God.

Wat sou gebeur het as mense soos Moses en Dawid op hulle eie vermoëns staat gemaak het en hulle eie planne gemaak het?

Die vyand kom altyd met leuens na 'n mens toe – dit is sy oorlogstrategie. Hy word immers die Vader van leuens genoem (Johannes 8:44). Daardie leuens bring vrees in ons harte. Nou verloor ons al ons vrede en ons kan nie reg dink en die regte besluite maak nie. Maar God het Sy Gees vir ons gegee om vir ons die waarheid te bring – 'n waarheid waarmee ons onsself elke dag moet omgord sodat ons nie onvoorbereid gevang word nie.

Johannes 16:13
Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei...

Efesiërs 6:10,11,14
Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag.
[11]Trek die volle wapenrusing aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.
[14]Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe...

God se Gees word ook baie maal in die Woord met water of 'n rivier vergelyk – water wat in geloof elke vurige pyl van die bose uitblus.

Efesiërs 6:16
Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.

Jesaja 59:19
*Van oos tot wes sal die Naam en die mag van die Here geëer word. Wanneer die teëstander aanstorm, soos 'n **rivier** jaag die Gees van die Here hom op loop.*

Psalm 46:2-7
*God is vir my 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. [3]Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, [4]al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid. [5]Oor die **strome van die rivier** is daar blydskap in die Godstad, in die heilge woning van die Allerhoogste. [6]God is daar; die stad sal nie wankel nie. God sal hom help nog voor die more kom. [7]Nasies kan raas en koninkryke wankel, maar as God sy stem laat hoor, smelt die aarde weg.*

Somstyds gaan dit van so aard met ons dat dit voel asof die aarde padgee onder ons en of die see druis en berge skud. God belowe in Sy Woord, dat Hy altyd vir ons 'n toevlug en beskerming is en dat die strome van die rivier van Sy Gees by jou is. Wanneer Hy Sy stem laat hoor, smelt die aarde weg.

Lees Esegiël 47:1-12 as 'n groep saam. Die wonderlikste plek om jou lewe van te leef is in die rivier van God se Gees. God se Gees kan enkel, knie, heupdiepte of so diep wees dat mens nie meer op jou eie bene en vermoëns kan staan nie - waar God se Gees raak, bring dit lewe en vrug in areas waar daar dood is en jy lankal nie meer hoop het of 'n uitkoms sien nie.

Omgord jou elke dag met die waarheid van God se Woord en leer dit vir jou kinders. Vergeet van jou eie krag en vermoë en klim in die rivier van God se lewendmakende Gees – laat Hy jou lei en elke vurige pyl wat die bose in jou rigting mik, sal uitgeblus word.

Jesaja 59:21
Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk; my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie.